

HVHV; Padbouheffing en Administratiewe koste aan Huisplanne

Geagte lede

Op vergadering Sat 25/09/2021 het die Bestuur van die HVHV met kommer en by hernuwing weer kennis geneem dat ons paaie flenters gery word deur bouers se swaar vragmotors. (Die kwotasie vir die herstel van die pad in net een geval beloop >R134 000. Dis byna 55% van ons jaarlike begroting vir die onderhoud aan ons paaie.) Daarom moes Bestuur die volgende besluite neem:

1) **"Omdat ons paaie nie gebou is vir voertuie swaarder as 3 ton nie, sal hulle voortaan nie binne ons gebied toegelaat word nie. Oortreders sal beboet word"**. (Dit geld natuurlik nie noodvoertuie nie). Die nodige waarskuwingsborde sal aangebring word.

2) **"Voortaan word die padbouheffing bepaal deur die volgende som: Die oppervlakte van die gebou/verbouing/verbreking aan eiendomme (waarvoor daar 'n plan deur die Mosselbaai Munisipaliteit vereis word) word bereken @ R10 000.00 p vk m (die gemiddelde boukoste tans) maal met 1.5%"**. Elkeen s'n sal dus verskil afhangende van die grootte van u bouery. Dit sal jaarliks hersien word.

3) **"Erina sal die padbouheffing vir u besondere geval bereken as u die huisplan by haar inhandig. Hiervoor word 'n Administratiewe PLANFOOI van R500.00 gehef"**. U moet dan die bedrag inbetaal by Cornea **VOOR** daar verder na u plan gekyk sal word.

Hiermee wil Bestuur die ongesonde praktyk staak dat alle lede enkeles kruissubsidieer.

Die besluite tree in werking op 01 Oktober 2021.

Ek wil graag my dank uitspreek teenoor lede wat met hul wenke en goedbedoelde kommentare ons gehelp het om uiteindelik by die gewenste oplossings te kon uitkom. Glo my ons het letterlik ure se oordenking hieraan bestee. So kon ons verhoed dat ons maandelikse heffings hande uit ruk.

Vrede

Dr. Dries du Toit
(Voorsitter HVHV)
27/09/2021

Hartenbos Vakansiedorp Huiseienaars Vereniging (HVHV)

-

Riglyne – Sivielefonds omskrywing: aanhegsel tot oorspronklike Padboufonds en Administratiewe Planfooi beleid van 27/09/2021

Inleiding

Die HVHV bestuur is teenoor alle lede, soos herbevestig met die AJV 28/12/2023, verbind tot die reeling wat in plek is sedert die aanvanklike instel van die “Padbouheffing”. Tans dra 403 lede saam by vir gemeenskaplike infrastruktuur en dienste en nie net die wat dit gebruik nie, byvoorbeeld:

- tuin/grassnydiens heffing is dieselfde vir alle lede, al het sommige lede slegs plaveisel, so ook
- ‘n pad instandhoudings bydrae, al gebruik lede nie alle paaie nie,
- stormwater beheer en ander siviele infrastruktuur en
- sekuriteitsdienste.

Die aanvanklike padboufonds heffing was getiteld “Padbouheffing en Administratiewe koste vir Huisplanne”. Die heffing se titel en omskrywing is op ‘n bestuursvergadering 22 Januarie 2024 geherdefinieer en hernoem na “Sivieleheffing”.

Let daarop dat die HVHV nie spesifieke eiendomme van spesifieke dienste, soos hierbo genoem, kan kwytskeld nie. Wat siviele dienste betref, daar is ongelukkig geen waarborg dat kontrakteurs in die geheel nie HVHV siviele infrastruktuur gaan gebruik tydens enige bouprojek nie.

Verdere omskrywing en Riglyne:

- Alle HVHV lede wat beoog om te verbou of bou, betaal die Sivielefonds heffing ongeag of hul grens aan munisipale paaie of HVHV paaie. Hierdie reël is weereens bevestig op die AJV 28 Desember 2023.
- Die HVHV onderhou alle gemeenskaplike paaie volgens ‘n 10 jaar padonderhoudsplan:
 - o deur die fondse aan te wend om paaie te herseel.
 - o Slaggate word herstel so spoedig as moontlik om verdere verval te verhoed.
 - o Stormwater optimering en kanaliseering word in samewerking met die Munisipaliteit bestuur.
- Wanneer ‘n lid besluit om kragtoevoer na sy eiendom onderdeur die padoppervlak te lei tydens herbouing of enige ander tyd, bly die eienaar verantwoordelik vir die herstel van die oppervlak. Die “Sivieleheffing” word nie hiervoor aangewend nie.
- Die Munisipaliteit onderhou alle munisipale eiendom aanliggend tot HVHV eiendomme deur inwoners se erf belastinge aan te wend, volgens hul onderhoudsplan en soos nodig.

- Die Munisipaliteit onderhou die munisipale paaie en het die reg om op te tree indien skade onoordeelkundig is.
- Die Munisipaliteit en HVHV mag enige persoon verantwoordelik hou vir skade aan paaie aangerig indien skade onoordeelkundig plaasvind, tydens herbou of andersins. 'n Tipiese voorbeeld, ander is nie uitgesluit nie, is wanneer boumateriaal afgelaai word, moet die "stutpote" van die vragmotor eerder op 'n groot "houtbasis", wat die las sal versprei, geplaas word, as direk op die padoppervlakte.
- Die HVHV mag onder geen omstandighede siviele werk verrig op munisipale eiendom nie. Die Sivielefonds word dus nie daarvoor aangewend nie.

Bestuur HVHV – April 2024



Hartenbos

Vakansiedorp Huiseienaarsvereniging

HARTENBOS VAKANSIEDORP

SIVIELEHEFFING

Die Sivieleheffing is gedurende 2021 inwerking gestel en nooit hersien nie ongeag die afgelope jare se prysstygings. Die herseël van die paaie se koste het op sy eie die afgelope jaar (2024/2025) met 11% gestyg. Die HVHV Bestuur is verantwoordelik en genoodsaak om te verseker dat daar met die verhoging in onderhoudskostes tred gehou word.

Die aflewering van stene/blokke vir latere bouwerk soos bv. plaveisel, braaie, grensmure en stutblokke veroorsaak dieselfde skade aan HVHV paaie as vir geboue/verbouings/verbrekings aan eiendomme, maar is tans nie by die sivieleheffing ingesluit nie. Dit is onregverdig dat alle lede moet bydra vir onderhoudskostes van hierdie aard terwyl net 'n klein groep mense van hierdie aflewering gebruik maak.

In die lig van voorafgaande het die HVHV Bestuur op die Bestuursvergadering van

15 September 2025 dit noodsaaklik geag om die ou sivieleheffing van R 10 000,00 na R 15 500,00 per vierkante meter te verhoog en 'n gemiddelde boukoste van R 1 200,00 per vierkante meter vir latere bouwerk by die Sivieleheffing te voeg.

Die formules vir die berekening van die heffingsbedrae is as volg:

1. Die vierkante meter van geboue/verbouings/verbrekings maal R 15 500,00 maal 1,5%
2. Die vierkante meter van 'n enkel grensmuur/plaveisel/stutblokke maal R1 200,00 maal 1,5%
3. Die vierkante meter van 'n dubbel grensmuur/stutmuur/braai 2 maal enkel muur se vierkante meter maal R1 200,00 maal 1,5%

Hierdie heffings tree op 1 Oktober 2025 in werking.

Dankie vir u samewerking en ondersteuning.

Vriendelike groete,

HVHV Bestuur